SEPTEMBER / OKTOBER 2017

*"Roep My aan en Ek sal jou antwoord" (Jer. 33:3)*

# JAPANSENDING

*Geroep om te Dien*

## GOD SE VEGVLIEËNIER

Nadat Bill Cook in 1982 by Japansending aangesluit het, het hy gegaan om 'n oond te koop. Die bestuurderes van die winkel het gou met hom vriende gemaak. Sy was beïndruk dat Bill 'n voormalige vegvlieënier vir die VSA se Lugmag was en stel hom toe voor aan 'n aantal vriende. Bill het daarna gesê: "Die foon het daagliks gelui met oproepe van haar vriende."

Dit is hoe Bill vir Yasuhiko (Yasu) Hirota ontmoet het. Hy het baie belanggestel in vliegtuie en is na die VSA om sy vlieglisensie te kry. Toe hy hoor dat daar 'n voormalige VSA-Lugmagvlieënier in die omgewing bly, was hy gretig om hom te besoek en te praat oor vliegtuie.



*Miyuki & Yasuhiko (Yasu) Hirota*

**Verteenwoordigers in Japan: DAWID & SUE VERWEY**

**7-40 MONZEN CHO**
**IKOMA CITY, NARA KEN**
**630-0266, JAPAN**
**Tel: 0081-743731754**
**Faks: 0081-743731681**
**www.japanmission.org**
**www.facebook.com/japanmission.jm/**

**POSBUS 30106**
**WONDERBOOMPOORT 0033**
**Tel: (012)377-1533**
**083 719 0227**
**Faks: (012)377-1533**
**sa@japanmission.org**

**Indien u rapporte en gebedsversoeke vanaf Japan per E-pos wil ontvang, kontak asb jm@japanmission.org**

Yasu was die oudste seun van 'n welvarende maatskappy se hoof-uitvoerende beampte (CEO). Sy vader het as tiener voor die oorlog van Taiwan af gekom. Na die oorlog het sy pa begin om speelgoed van weggegooide Cokeblikkies te maak en dit opgebou tot 'n groot maatskappy wat elektronika vir Sharp ontwikkel het. Yasu was bedorwe en gebore met 'n goue lepel in die mond. Van jongs af is hy nie gedissiplineer nie en het ook geen tekort aan geld gehad nie.

Yasu het begin om gereeld na Bill se huis te gaan om oor vlieëry te praat en Bill het hom kerk toe genooi. Om tyd saam met Yasu deur te bring, was baie uitputtend, want hy was 'n naguil. Hy het dikwels gedurende die dag geslaap en was dan snags wakker. Elke Sondagaand na kerk het hy na Bill se huis gegaan en vir ure gesels.

Een nag het Bill die kerk verlaat sonder Yasu en hom huis toe gehaas. Hy het al die ligte afgeskakel en bed toe gegaan. Omtrent 'n halfuur later was daar 'n klop aan sy deur. Bill het uitgekom in sy nagklere. Yasu het gesê hy wil inkom, maar Bill het gesê: "Jammer, ek is in die bed." Yasu het diep teleurgesteld na hom gekyk.

Die volgende week het hy nie gekom nie en Bill het baie skuldig gevoel. Hy het berou gehad en gebid: "Here, ek gee nie om as ek die hele nag regop sit nie. Stuur hom asseblief terug." Die Here het sy gebed verhoor en Yasu was die volgende week terug, en hulle het feitlik die hele nag regop gesit.

Yasu se belangstelling was in vliegtuie, maar Bill s'n was om hom na Christus toe te lei. Terwyl hulle gepraat het, het Yasu laat blyk dat hy geïnteresseerd was in verskeie religieuse gelowe en hy het spoedig geïnteresseerd geraak in die Christendom. Na 'n paar maande het hy sy hart vir die Here gegee.

Dit was omtrent hierdie tyd wat Yasu Miyuki na Bill se huis gebring het. Sy was ook vriende met die winkelbestuurderes en op soek na 'n betroubare fortuinverteller. Hierdie bestuurderes het voorheen 'n baie slegte ondervinding met 'n fortuinverteller gehad en vir Miyuki vertel dat Bill Cook die beste fortuinverteller is wat sy geken het.

Toe Miyuki gekom het, het Bill haar gevra: "Wat wil jy hê?" Sy het geantwoord: "Ek soek iemand om my raad te gee oor watter weg ek moet gaan in my lewe." Bill het vir haar gesê: "Jy het by die regte plek gekom. Ek ken die beste Een om jou te lei!" Hy het toe aan haar verduidelik wat is sonde, oordeel en die voorsiening wat Jesus vir die mens gemaak het deur sy bloed aan die kruis te stort.

Sy was op pad New York toe om 'n Japannese restaurant vir ses maande te gaan bestuur, dus het hy vir haar gesê om hom elke dag te kom sien voordat sy vertrek. Bill het beplan om Miyuki die volgende dag na die Here toe te lei.

Toe hy haar gevra het of sy gereed is om die Here aan te neem, het sy geantwoord dat sy dit reeds gedoen het. "Wanneer?" het Bill gevra. "Verlede nag het ek alles gedoen wat jy vir my gesê het om te doen." "Het enige verandering plaasgevind?" het Bill gevra. "Ek weet nie, maar my hart voel ligter," het sy geantwoord. Terwyl hy met haar gepraat het, het hy besef dat sy werklik Jesus in haar hart ontvang het.

Miyuki het toe soos beplan New York toe gegaan. Miyuki het Yasu na aan die hart gelê en hy het dikwels aan haar geskryf. Hy het dikwels na die VSA gereis. Op een van sy besoeke, nadat hy sy sake afgehandel het, kon hy nie besluit of hy moet terugkeer of Miyuki moet besoek nie. Sy hart het gewen en hy het sy vlug na Japan gekanselleer om Miyuki vir 'n paar dae te besoek.

Die vlugkaartjie wat hy gekanselleer het, was vir die bekende Koreaanse vlug wat afgeskiet is deur Rusland, net weg van die kus van Japan op 1 September 1983 waarin al die passasiers gesterf het! Yasu het 'n week later veilig teruggevlieg na Japan, met 'n hernude besef dat God 'n belangrike doel vir sy lewe het.

Nadat Miyuki haar kontrak in New York voltooi het, het sy teruggekeer na Japan en mettertyd met Yasu getrou. Sy vader het hom gewaarsku: "As jy met daardie meisie trou, gaan ek jou uit hierdie familie skop!" Sy vader was 'n vreesaanjaende man wat almal bang gemaak het, insluitend Miyuki. Hy wou nie hê dat sy seun met so 'n gewone meisie trou nie, maar Miyuki was vasbeslote om Jesus te eer en te gehoorsaam en 'n goeie vrou te wees.

Kort nadat hulle getroud is, is Yasu se moeder gediagnoseer met kanker. Hulle was in staat om sy moeder na die Here toe te lei op haar sterfbed. Sy het 'n duidelike en vreugdevolle getuienis gehad van hoe die Here haar gered het en nuwe hoop gegee het.

Miyuki se moeder was 'n ywerige afgodsdienaar. Sy en haar oudste seun het dikwels vroeg in die môre gegaan om die gode te aanbid. Toe Yasu se moeder sterf, moes Miyuki se moeder 'n aansienlike afstand ry om die begrafnis by te woon. Dit was die eerste keer wat sy haar dogter weer gesien het sedert hulle getroud is.

Na hulle troue het Miyuki uitgevind dat haar moeder haar hart vir die Here gegee het. Miyuki het dikwels aan haar moeder geskryf en dit was deur hierdie briewe wat sy genoeg oor Jesus aan haar oorgedra het om haar te help om Hom in haar hart toe te laat. Haar ma was nog nooit in 'n kerk nie en het ook nog nie 'n Christen ontmoet nie, maar sy het haar lewe vir Jesus gegee, opgehou om afgode te aanbid en gereeld die Bybel gelees!

Een van die grootste triomfe was toe Yasu se angswekkende pa sy hart oorgegee het aan die Here. Hy was 'n gedugte sakeman, maar jare later het die situasie verander toe Yasu en Miyuki, nadat sy gesondheid verswak het, begin betrokke raak het by sy versorging. Hy was baie hardkoppig en baie gekant teen die evangelie, maar het homself in 'n posisie bevind waar hy soos 'n klein lammetjie gelei word deur sy skoondogter wat hom baie goed versorg het.

**DIE SENDING SE UITREIKINGS - "BID VIR ONS"**

- Bybels en Leesstof
- Studente Uitreiking
- Bejaardes Uitreiking
- Evangelisasie Byeenkomste
- Oudiovisuele Uitreiking
- Hospitaal Evangelisasie
- Engelse Evangelisasie

***ONS OPREGTE DANK EN WAARDERING*** **teenoor vriende wat bankinbetalings gedoen en ons laat weet het, en veral ook vir inbetalings wat ons nie kon erken nie. Ons trag om alle donasies persoonlik te erken, maar ongelukkig verskyn daar dikwels nie voldoende inligting op die bankstate nie.**

**▪ Sal u asb so goed wees om ons te laat weet as u nie 'n erkenning ontvang het nie en ook as u van adres verander.**

**Dit sal 'n groot hulp wees indien die donateur se NAAM en TELEFOONNOMMER duidelik op die Bank Deposito-strokie of Debietorder of Internet oorbetaling verskyn.**

**▪ Met opregte waardering erken ons die volgende bankinbetalings waarvoor daar ongelukkig nie voldoende inligting op die bankstate verskyn nie:**

**STANDARD BANK:- 21/6/2017, 27/6, 29/6, 3/7, 15/7, 17/7, 20/7, 21/7, 31/7, 2/8.**

**ABSA BANK:- 26/6, 28/6 Bybels, 30/6, 2/7 NLM, 3/7 Belfast, 6/7, 13/7 Woodlands, 13/7, 15/7, 17/7, 18/7, 21/7 Kleinmond, 20/7, 26/7, 27/7, 28/7 Bybels, 2/8 NLM, 8/8, 16/8/2017.**

**▪ Tjeks kan aan JAPANSENDING betaalbaar gemaak en gekruis word. Dit is egter nie veilig om banknote per pos te stuur nie. 'n Deposito kan direk in die Sending se bankrekening gemaak word by enige tak van STANDARD BANK of ABSA BANK of 'n debietorder kan gebruik word.**

**Nogmaals BAIE DANKIE, liewe vriende. Mag die Here u seën.**

**Naam van Rekening: JAPANSENDING**
**STANDARD BANK, Rek No 010 333 126, Tak No 014-845**
**ABSA BANK, Rek No 090 161 334, Tak No 334-645**

***JAPANSENDING, POSBUS 30106, WONDERBOOMPOORT 0033***
***Tel/Faks (012)377-1533 E-pos: sa@japanmission.org***

***(Art 21) Reg No 2006 /019264 /08***

Hulle pa is naderhand gehospitaliseer en hy het besef hy was sterwend. Eendag het een van die verpleegsters vir Miyuki gevra: "Is jou pa betrokke by enige godsdiens?" Toe Miyuki vra hoekom, het die verpleegster geantwoord: "Jou pa weier om enige kos te eet voordat hy nie tot Jesus gebid het nie." Dit was die eerste aanduiding dat sy hart verander het.

Kort daarna het van die familie gehoor dat hy sterwend is en het hulle vanaf Taiwan 'n paar afgode gebring. Hy het dit uitgegooi en gesê dat hy alleenlik Jesus sal aanbid.

Dit was 'n grootse oomblik toe hulle hom ter ruste gelê het met die wete dat hulle beide Yasu se vader en moeder veilig afgesien het hemel toe!

Beide Yasu en Miyuki is tans in hulle sewentigs. Miyuki toon dieselfde liefdevolle versorging vir Yasu as wat sy getoon het vir sy vader, en Yasu is 'n liefdevolle en getroue voorsiener. Tesame het hulle die genade van God bewys, deurdat hulle baie moeilikhede oorkom het.

***Maar ons dank aan God dat Hy ons die oorwinning gee deur ons Here Jesus Christus!*** (1 Kor. 15:57)

**Bid** vir Yasu en Miyuki terwyl hulle probeer om hulle uitgebreide familie en dié met wie hulle in aanraking kom vir Christus te beïnvloed.

**Bid** vir beskerming, wysheid en sterkte.

*(Bydraer: Bill Cook)*

## PERSONEELOPDATERING - BILL COOK

Bill Cook het in 1982 vanaf die VSA by Japansending aangesluit as 'n voltydse sendeling. Hy was betrokke by baie aspekte van die bediening, insluitende evangelisasie, berading en kerkplanting. Bill was altyd beskikbaar om die Here te dien, waar daar ook al nood mag wees. Hy was betrokke by ramphulp aan die slagoffers van die Groot Hanshin Aardbewing van 1995, en toe weer gedurende die vernietigende M9.0-Tohako Aardbewing en die Tsoenami-ramp wat die noordooste van Japan op 11 Maart 2011 verwoes het.



*Bill Cook*

Bill het in 1995 'n assosiaat geword van Japansending, aangesien JS voortgegaan het om hom te ondersteun toe hy saam met die *New Life Ministries* begin werk het. Hulle was betrokke by die druk en verspreiding van miljoene Bybels in Sjina en baie ander lande.

Die verhale wat teruggekom het van alles wat in Sjina gebeur het, het Bill besonder baie geïnspireer. Hy het geleer dat, alhoewel die grootste nood aan Bybels in Sjina was, die moeilikste land daardie tyd Viëtnam was. Daar was verslae van een plek in Viëtnam waar vyf kerke net een Bybel gehad het! Een kerk hou 'n diens en dan sal iemand op 'n fiets spring en die Bybel na die volgende dorpie neem sodat hulle hulle diens kan hou. Op hierdie manier het die vyf kerke een Bybel gedeel. Met hierdie desperate nood in gedagte het Bill in 1998 'n enkelkaartjie na Viëtnam gekoop om te gaan help om Bybels aan hierdie Christene sonder Bybels te verskaf.

Die Here het toe 'n deur vir Bill geopen om 'n basis vir sy werk in Thailand te vestig. Van daar af kon hy Bybels neem na Viëtnam, Kambodja, Laos en Myanmar. Hy het baie spanne oor die jare gelei, party baie gevaarlike sendings om vragte Bybels in daardie streke af te lewer.

Bill het onlangs 80 geword en bly nou in Chang Mai, Thailand. Hy is steeds baie aktief en betrokke by Bybelverspreiding, prediking en om met weeskinders te werk. **Bid** vir sy beskerming en gesondheid. **Bid** dat die Here Bill genoeg wysheid en sterkte sal gee om sy Naam elke dag te verheerlik.

## BYBELS VIR SJINA

Japansending is steeds betrokke by verskeie projekte om Bybels te druk en te versprei dwarsoor Japan, Sjina en baie ander lande. Onlangse verslae dui aan dat Sjina steeds herlewing beleef. Party sê dat tot 10 miljoen Sjinese elke jaar tot bekering kom! Daar is steeds 'n groot tekort en 'n desperate behoefte aan Bybels. Die Bybel gee kragtige oplossings vir onkunde en valse leringe.

**Bid** dat God sal voortgaan om die nodige bronne te voorsien om ons te help om aan hierdie onontbeerlike behoefte te voldoen wat die waarheid, redding en hoop bring vir so baie. **Bid** vir die Bybelkoeriers en gelowiges wat hulle lewens waag om die Woord van God te vervoer en te versprei.

## ENGELSE KAMP

Japansending het reëlings getref om op 8 Oktober 'n oornag Engelse kamp in die berge te hou. Baie nie-Christene uit alle vlakke van die samelewing gaan daarheen kom om Engels te leer en die buitelug te geniet. Daar sal 'n aantal geleenthede wees om die evangelie te verkondig en te getuig. **Bid** vir aangename weer en dat God die program sal seën. **Bid** ook vir die spesiale spreker wat om die kampvuur die sang sal lei en 'n boodskap uit die Woord sal bring.